



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2014

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

PUNTE: 80

TYD: 2 uur



Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:


AFDELING A:	KYK- EN LEESBEGRIP (VRAAG 1)	(30)
AFDELING B:	OPSOMMING (VRAAG 2)	(10)
AFDELING C:	TAAL (VRAAG 3, 4, 5 en 6)	(40)
2. Lees ALLE instruksies baie deeglik.
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Begin elke VRAAG op 'n NUWE bladsy.
5. Trek 'n streep na elke afdeling.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Laat 'n reël na ELKE antwoord oop.
8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.
9. Aanbevole tydsindeling:

AFDELING A:	50 minute	
AFDELING B:	30 minute	
AFDELING C:	40 minute	
10. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP**VRAAG 1: ARTIKEL**

Lees die onderstaande artikel goed deur en beantwoord die vrae wat volg.

BESOEDILING

1. Elke mens hou daarvan om skoon te wees. Jou liggaam moet skoon wees, jou tande moet geborsel word en jou hare moet netjies gekam wees. 'n Mens hou ook daarvan dat jou huis stofvry moet wees.
 2. Maar dit lyk nie of moderne mense van 'n skoon aarde hou nie. Die "groenes" skreeu al lankal dat mense nie omgee nie: mense is besig om die wêreld te vernietig.
 3. Besoedeling beteken om vuil te maak: ons planeet se lug, sy grond, sy water en selfs die water onder die aarde. Dit word byvoorbeeld deur fabrieke en radioaktiewe rommel asook insekgif veroorsaak. Besoedeling kan die lewe van mens, dier en plant baie kwaad aandoen. Dit kan siektes, stadiger groei en selfs die dood veroorsaak.
- 
4. Selfs baie harde geraas kan as besoedeling gesien word, bv. deur vliegtuie by besige lughawens of deur motorverkeer. Te veel lawaai kan jou doof maak. Dit het ook ander nadele soos bv. jou senuweestelsel wat kan doodgaan.
 5. Vir ons gesondheid is lugbesoedeling die slegste. Die lewe op aarde is afhanklik van 'n balans tussen die produksie van koolstofdiksied (CO_2) deur diere, vulkane en die produksie van suurstof (O_2) deur die fotosintese van groen plante.
 6. Die vrystelling van te veel koolstofdiksied deur fabrieke en die oorgebruik van natuurlike bronne soos steenkool en natuurlike bosse wat vernietig word, beïnvloed die natuur se balans. Motors se uitlaatpype en rook uit fabrieke se skoorstene gee ook te veel giftige gasse af.
 7. Suurreën, wat die plantegroei beskadig, is ook 'n vorm van lugbesoedeling. Dit kan selfs gebeur dat die giftige gasse wat in een land vrygestel word, as suurreën in 'n ander land val om skade aan die plante- en dierelewe asook aan geboue aan te rig. Drinkwater word ook besoedel.
 8. Fabrieke wat te veel rook en giftige gasse in die lug instuur, is die grootste rede van lugbesoedeling.
 9. Ons kan dit keer deur natuurlike elektrisiteit te produseer sodat alle huise dit kan gebruik.
 10. Die storting van vuilgoed veroorsaak grondbesoedeling, veral as dit onbeheerd gedoen word. Die mens is stadig besig om homself onder die berge afvalstowwe wat hy maak te begrawe ... of dit nou radioaktiewe- of gewone huisrommel is.

11. Orals groei rommelberge, selfs langs belangrike toeristepaaie. Die meeste vullis beland wel op die regte rommelhope, maar plek hiervoor raak min. Hierdie plekke bevat alle soorte huisrommel, skoonmaakmiddels en insekgif.

12.



Maar dit is nie al nie. Baie gemors wat op ons mynhope is, word in die damme by die myne, wat dikwels langs woongebiede is, gegooi. Myngrond is dooie grond. Daarom moet gras en plante op die mynhope geplant word. As dit nie gebeur nie, kom grond- en winderosie voor. Winderosie lei tot groot stofstorms wat baie sleg vir 'n mens se gesondheid is.

13. Slegte stowwe soos metale, fabrieksrommel en insekgif wat in die riviere gegooi word, is 'n baie belangrike bewys dat water besoedel word.

14. Fabriek, wat belangrik vir die land se ontwikkeling is, is die grootste rede dat die omgewing lelik gemaak word. Die afvalwater van fabriek wat onwettige giftige chemikalieë in het, beland in ons riviere.

15. Hittebesoedeling vind plaas wanneer warm water, wat vir verkoeling van fabriek gebruik word, in riviere gepomp word. Die verhoogde watertemperatuur vernietig waterlewe.

16. Insekgif, kunsmis en onkruidodders wat boere gebruik, is nog 'n groot oorsaak van waterbesoedeling. Reënwater spoel hierdie chemikalieë in riviere wat later in die see vloei.

17. Seebesoedeling is wanneer besoedelde riviere, riool, olie en ander baie giftige produkte in die see beland.

18. Die besoedeling van die see met riool is baie hartseer. Die ideaal is dat riool by 'n rioolaanleg behandel moet word voordat dit in die see gepomp word.

[Artikel (verwerk en aangepas): <http://www.mieliestronk.com/besoedeling.html>

Foto: DLS / U.S. Fish & Wildlife Service]

WOORDEBOEKGEBRUIK

Pro-du-seer: ww. Voortbring, maak. 'n *Fabriek produseer nuwe produkte.*

On-be-heer(d): b.nw. en bw. Sonder beheer of buite beheer. *Die onbeheerde leerlinge het die skool se vensters gebreek en die deure uitgeskop.*

On-kruid-doders: s.nw. Gif om vuilgoed en wilde plante dood te maak.

Ri-ool: s.nw. Vuil water, afvalwater.

Ri-ool-aan-leg: s.nw. 'n Plek waar riool skoongemaak word.

VRAE

- 1.1 Waarvan hou moderne mense blykbaar nie? (1)
- 1.2 Noem TWEE tipes besoedeling wat algemeen voorkom. (2)
- 1.3 Hoe kan geraas 'n mens se gesondheid beïnvloed? Haal slegs 'n deel van 'n sin as jou antwoord aan. (1)
- 1.4 Hoe beïnvloed waterbesoedeling die mens? (1)
- 1.5 Waarna of na wie verwys die “groenes” in paragraaf 2? (1)
- 1.6 Verduidelik die volgende uitdrukking:
“Myngrond is dooie grond.” (par 12) (1)
- 1.7 Hoe kan myne lugbesoedeling veroorsaak? (1)
- 1.8 Wat kan fabrieke doen om te keer dat vuil water nie in riviere beland nie? Noem TWEE moontlikhede. (2)
- 1.9 Gee TWEE redes hoe fabrieke die land se water negatief beïnvloed. (par 14 en 15) (2)
- 1.10 Waarom is lugbesoedeling baie sleg vir ons gesondheid? (1)
- 1.11 Op watter TWEE maniere, dink jy, beland onkruidodders en insekgif in die see? Beantwoord in TWEE volsinne en in jou eie woorde. (2)
- 1.12 Hoekom, dink jy, is besoedeling sleg vir toerisme in ons land? (1)
- 1.13 Noem TWEE dinge wat 'n boer op sy plaas gebruik wat besoedeling veroorsaak. (2)
- 1.14 Hoekom word daar na *rommelberge* verwys en nie na *rommelhope* nie? (1)
- 1.15 Hoekom, dink jy, word natuurlike bosse vernietig en bome afgekap? (1)

Lees die onderstaande advertensie goed deur en beantwoord die vrae wat volg.



ATKV
GHOLF
Dae 2013



**skryf in en slaan 'n slag
vir Suid-Afrika se skole!**

Indwe gholfdag

Oos-Kaap

Datum: 19 November 2013
 Waar: Indwe gholfbaan
 Koste per speler: R1 250.00

Registrasiegeld sluit in:

Geskenksak; speelfooie, Rhode Island Gholfhemp;
 aandete; gholfkarretjie; gholfpet; pryse vir al
 die spelers. Gratis bier.

Een gelukkige speler staan 'n kans om 'n 51" Samsung HD platskerm TV te wen.
 Wanneer jy inskryf, is jou inskrywing outomaties deel van die kompetisie.



1ste prys
 7 Dae verblyf in 'n
 6-slaapeenheid by
 enige ATKV-oord



2de prys
 Bulova horlosie



3de prys
 Snappy Chef
 stoof en potstel

Langnaweke en skoolvakansies is uitgesluit.
 Vir besprekings of meer inligting, kontak Heinrich du Preez.
 Tel: 012 997 5479 // Sel: 082 858 0410 // e-pos: info@radicalgroup.co.za



Snappy Chef

Radical
Group



VRAE:

- 1.16 Wat kry elke speler, wat aan die gholfdag deelneem, gratis? (1)
- 1.17 "... slaan 'n slag vir Suid-Afrika se skole".
- 1.17.1 Het die bogenoemde uitdrukking 'n denotatiewe, of 'n konnotatiewe betekenis? (1)
- 1.17.2 Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 1.17.1. (2)
- 1.18 Wat moet jy doen om die Samsung HD platskerm TV te wen? (1)
- 1.19 Noem TWEE borge van die kompetisie. (1)
- 1.20 Vir wie moet jy vir meer inligting kontak? (1)
- 1.21 In watter provinsie is die gholfbaan? (1)
- 1.22 Kies die antwoord wat die sin KORREK voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer; bv. 1.22 E.
- Jy mag die eerste prys ... benut.
- A tydens die skoolkwartaal en naweke
B enige tyd van die jaar
C tydens langnaweke en skoolvakansies
D gedurende naweke en skoolvakansies (1)
- 1.23 Op watter manier, dink jy, kan die gholfdag skole help? (1)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 2****INSTRUKSIES**

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

- Skryf 7 wenke **hoe om stres in jou lewe te verminder**, neer.
- Skryf die wenke puntsgewys neer.
- Nommer die sinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

HOE OM STRES IN JOU LEWE TE VERMINDER

1. Stres in die moderne en gejaagde lewe is een van die grootste moordenaars. Enige mens het nodig om van stres ontslae te raak. Dit kan op verskillende maniere gedoen word.
2. Ontspan sodra jy tuis kom. Dit is belangrik om ontspanningstyd vir jouself te maak, al is dit net vir 'n kort rukkie. Jy kan byvoorbeeld tyd saam met jou familie deurbring of om met jou hond of kat te speel.
3. Kry vars lug deur oefening buite te doen. Oefening ná 'n moeilike dag sal jou beter laat voel en jou spanning verminder. Stap, swem, fietsry as voorbeelde van oefeninge, kan 'n groot verskil in hoe jy voel, maak.
4. Neem 'n week vakansie sodat jy kan wegkom van werkstres. Onthou net dat wanneer jy met vakansie weggaan, jy liever jou werk tuis moet los sodat jy jouself kan dwing om te ontspan en nie om vakansietyd aan werk af te staan nie.
5. Doen iets prakties soos byvoorbeeld 'n stokperdjie wat jy geniet. Die stokperdjie kan sport of handwerk wees.
6. Leer om die tekens van spanning te identifiseer voor dit jou doodmaak. Sodra jy tekens soos hoofpyne, slaaploosheid, eetprobleme of depressie herken, gaan spreek 'n dokter vir hulp.
7. Kry jou gedagtes weg van jou werk deur iets lekkers te doen. Jy kan byvoorbeeld flik toe gaan of uiteet. Daarna sal dit voel of jy vir 'n naweek weg was.
8. Skryf alles neer wat jou gelukkig maak. Soms sien jy eers die goeie dinge raak wanneer jy daarvoor soek of dit neerskryf.

[Verwerk: *Lig*, Julie 2013]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL

VRAAG 3: ADVERTENSIE

Die vrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.

Saphinda Sekondêr 'n Super Skool

My naam is Thembeke. Ek is in Saphinda Sekondêre Skool in Umlasie en ek wil eendag die beste dokter word.

Ek is vreeslik gelukkig. Die toilette by die skool was flenters gebreek en hulle wou nie spoel nie. Ek was bang om dit te gebruik, want dit was ook verskriklik vuil. As ek siek sou word van al die kieme, sou ek nie kon leer nie.

Domestos het alles reggemaak. Alles is silwerskoon. Die toilette kan nou spoel en daar's genoeg krane met helderskoon water.

Dankie Domestos! Dankie dat julle die toilette en krane reggemaak het!!

Sanitasie is 'n basiese mensereg. Meer as 50% van ons skole het nie spoeltoilette nie. Die afgelope 3 jaar het ons 13 skole en meer as 14 000 studente bevoordeel. Kies Domestos vir die beskerming van Suid-Afrika se studente deur veilige sanitasie.

Volg die storie **f** / DomestosSA

Domestos SKONER TOILETTE **HELDER TOEKOMS**

[Verwerk Uit: Huisgenoot, 26 September 2013. bl.53]

VRAE:

- 3.1 Voltooi die bekende uitdrukking deur die korrekte antwoord te kies. Skryf slegs die vraagnommer (3.1) en die korrekte antwoord neer.
- Die toekoms is in die ... se hande.
- A onderwys
B regering
C besighede
D jeug (1)
- 3.2 Voltooi die sin.
- Die advertensie is 'n voorbeeld van 'n manipulerende teks. Dit manipuleer die leser om ... (1)
- 3.3 Waarom, dink jy, is die gebruik van alliterasie by **Saphinda Sekondêr, 'n Super Skool** funksioneel? (1)
- 3.4 Hoekom, dink jy, staan in die advertensie dat **sanitasie 'n basiese mensereg is?** (1)
- 3.5 Hoekom gebruik Thembeke die OORTREFFENDE TRAP van die woord **beste** in die volgende sin:
- "... en ek wil eendag die **beste** dokter word." (1)
- 3.6 Hoekom word die eerstepersoon in die advertensie gebruik deur:
- 3.6.1 Thembeke. Sy sê: "**Ek** is gelukkig. **Ek** was bang." (1)
- 3.6.2 Domestos wat sê dat meer as 50% van **ons** skole nie spoeltoilette het nie. (1)
- 3.7 Wie is die teikengroep van die advertensie? (1)
- 3.8 Wat, dink jy, is die doel dat Thembeke so baie beskrywende woorde (adjektiewe) gebruik. (1)
- [9]

VRAAG 4: STROKIE

Die vrae wat volg, is op die strokies hieronder gebaseer.



[Aangepas: Meester en Neelsie. www.daniecronje.co.za.]

VRAE:

- 4.1 Meneer sê dat Neelsie 'n **gemors** is. (strokie 1, raampie 1)
 - 4.1.1 Word **gemors** hier letterlik of figuurlik gebruik? (1)
 - 4.1.2 Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 4.1.1. (1)
- 4.2 Wat suggereer die UITROEPTEKENS [!] in strokie 3, raampies 1 en 2? (1)
- 4.3 Kies die woord om die IDIOOM korrek te voltooi. (strokie 2, raampie 1)
Daar is 'n slang in die ...
 - A klas.
 - B gras.
 - C kas.
 - D glas. (1)

- 4.4 Hoekom word **klein** in HOOFLETTERS geskryf? (strokie 1, raampie 3)
Hy het gesê ek is **KLEIN!** (1)
- 4.5 Hoe weet ons, as ons na Meneer se gesig kyk, dat hy baie kwaad vir Neelsie is? (strokie 1, raampie 1) (1)
- 4.6 Neelsie is bly sy tas is weg.
Wat anders suggereer Neelsie se woorde: “Jippie! Dankie tog!”?
(strokie 3 raampie 3) (2)
- 4.7 Deur na die prentjie te kyk, hoe weet ons dat Meneer die slang gesien en vinnig weghardloop het? (strokie 2, raampie 2) (1)
- 4.8 Wat beteken dit as Meneer sê dat Neelsie **useless** is?
(strokie 1, raampie 2) (1)
- [10]**

VRAAG 5: PROSA

Die vrae wat volg, is op die prosastuk hieronder gebaseer.

(5.1) (sin 1) **Weet jy regtig wat 'n paar drankies aan jou liggaam doen?**
(sin 2) **'n Paar drankies verniel jou liggaam!**

- Ná een drankie word jy meer ontspanne met baie selfvertroue.
- Ná twee drankies begin jou liggaam ontwater.
- (5.2) Ná drie drankies word jou reaksie stadiger en jou lewer werk harder om die gif van die alkohol uit jou liggaam te kry.
- Ná vier drankies raak jy emosioneel en deurmekaar.
- Ná vyf drankies begin jy sleg sien.
- (5.3) Ná ses drankies raak jy depressief.
- Ná agt drankies sukkel jy om te beheer wat jy sê en doen. (5.4) Jy voel naer en jy kan jou bewussyn verloor.
- Die limiet vir 'n asemtoets is (5.5) 0,24 mg per (5.6) 1,000 milliliter, of 'n bloedalkohol-limiet van 0,05 g per 100 milliliter. Baie alkohol in jou bloed kan tot jou dood (5.7) (ly / lei) omdat jy nie reg asemhaal nie of jou hart se ritme kan deurmekaar raak.

(5.8) Kenners sê dat sosiale drinkery baie gewild onder jongmense is. Sosiale drinkery is ook die (5.9) **gevaarlik** vorm van drankgebruik.

(5.10) Skoolkinders sê: “Ons drink (5.11) elke week om dronk te word. (5.12) Ons drink vyf of meer drankies kort ná mekaar.”

(5.13) 'n Onderwyser het 'n 15-jarige gevra of hy al ooit 5 *shooters* binne 5 minute gedrink het.

[Verwerk en aangepas uit: *Huisgenoot.com_new/leefstyl/gesondheid_leefstyl*
Gepubliseer op 26/8/2013 in Gesondheid, Leefstyl]

- 5.1 Lees die sinne wat sin 1 en sin 2 genommer is.
- 5.1.1 Kies die opskrif wat vir jou die beste by die paragraaf pas:
 Sin 1: Weet jy regtig wat 'n paar drankies aan jou liggaam doen?
 (Vraagsin)
 Sin 2: 'n Paar drankies verniel jou liggaam! (Uitroep)
- 5.1.2 Motiveer jou keuse in VRAAG 5.1.1. (1)
- 5.2 HERSKRYF die volgende sinne deur die VOEGWOORD **en** met **daarom** te vervang. Skryf beide sinne volledig uit.
 Ná drie eenhede alkohol word jou reaksie stadiger **en** jou lewer werk harder om die gif uit jou liggaam te kry. (1)
- 5.3 Skryf die volgende sin in die TOEKOMENDE TYD oor.
 Ná ses eenhede raak jy depressief. (1)
- 5.4 Skryf die sin in die VERLEDE TYD oor.
 Jy voel naer en jy kan jou bewussyn verloor. (2)
- 5.5 Skryf die syfer 24 in woorde uit. (1)
- 5.6 Gee die afkorting van die onderstreepte woord. Skryf slegs die AFKORTING as jou antwoord neer.
 Die limiet vir 'n asemtoets is 0,24 mg per 1 000 **milliliter**. (1)
- 5.7 Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies. Skryf slegs die korrekte antwoord neer.
 'n Hoër bloedalkohol-limiet kan tot jou dood (ly / lei). (1)
- 5.8 Skryf die volgende sin in die DIREKTE REDE oor.
 Kenners sê dat sosiale drinkery baie gewild onder jongmense is.
 Begin die sin so: Kenners sê: ... (1)
- 5.9 Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies. Skryf slegs die woord as antwoord neer.
 Sosiale drinkery is ook die (**gevaarlik**) vorm van drankgebruik. (1)
- 5.10 Skryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE oor.
 Skoolkinders sê: "Ons drink elke week om dronk te word."
 Begin so: Skoolkinders sê dat ... (2)
- 5.11 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies. Skryf slegs die woord as antwoord neer.
 Kinders sê: "Ons drink (**elke week**) om dronk te word." (1)
- 5.12 Skryf die volgende sin in die LYDENDE VORM oor.
 Hulle drink vyf of meer drankies kort ná mekaar. (1)
- 5.13 Beantwoord die volgende sin in die ONTKENNENDE VORM.
 Het jy al ooit 5 *shooters* binne 5 minute gedrink?
 Begin so: Nee, ek ... (1)

[15]

VRAAG 6: PRENT

Die vrae wat volg, is op die prent hieronder gebaseer.



[Uit: Afrikaans is lekker, LB. Gr 12. 2007]

Gebruik die woorde in die lys hieronder om sinne 6.1–6.5 korrek te voltooi.

T-hemp	om	bril	braaidrom	lank
lang	rondom	bloes	pot	brille

- 6.1 Die kinders hardloop ... die huis. (1)
- 6.2 Oupa het 'n ... op en rook 'n pyp. (1)
- 6.3 Die mans braai vleis op 'n ... (1)
- 6.4 Die man wat vleis braai, het 'n ... aan. (1)
- 6.5 Die ouma wat langs die tafel staan se rok is baie ... (1)
- 6.6 Gebruik die onderstreepte voorsetsel as 'n SELFSTANDIGE NAAMWOORD in 'n sin. Skryf die sin volledig uit.
- Die meisie staan by haar vriend wat braai. (1)

[6]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 80

